

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 2 PETRUS 1 - 3 en JUDAS 1
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Petrus 1 – 3 en Judas 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[CHRISTELIKE OUERSKAP]</i> (4) EFESIËRS 6:4
----------	---

Repeteer twee-twee:

(4) Voed op in die Here. Efesiërs 6:4. “En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.”

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 18:1-40
----------	---

Inleiding. Johannes 18 gaan oor die lyding van Jesus Christus. Die Evangelie van Lukas vermeld dat Jesus Christus drie keer deur die Jode verhoor is, drie keer deur Petrus verloën is en drie keer deur die nie-Jode verhoor is. Johannes 18 beskryf ’n deel van hierdie regssake. Eers word Jesus Christus gearresteer, voor Annas gebring om verhoor te word en één keer deur Petrus verloën. Daarna word Hy voor Kajafas gebring om verhoor te word en twee keer deur Petrus verloën. Ten slotte word Hy verhoor deur Pilatus, dan deur Herodus en weer deur Pilatus voordat Hy gekruisig is.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<p>Lees. Ons gaan Johannes 18:1-40 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.</p>	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<p>Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.</p>	

18:4

Ontdekking 1. Jesus Christus was tydens sy verhore volledig in beheer van die situasie.

Vers 4 sê: “Omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe gekom en vir hulle gevra: “Vir wie soek julle?”” Verskillende dinge wys dat Jesus Christus ten volle in beheer was van die situasie:

(1) Jesus het voor die tyd al geweet wat gaan gebeur.

Mense weet nooit voor die tyd wat gaan gebeur nie, maar Jesus Christus het presies geweet wat met Hom sou gebeur!

(2) Jesus het doelbewus sy vyande tegemoet geloop.

Jesus het nie weggevlug van die gevaar nie. Hy het ook nie weggekrui dat hulle Hom moes soek nie. Die teendeel is waar: Hy het die inisiatief geneem en vorentoe gekom na sy vyande toe! Hy het uit die donker, tussen die bome in die tuin van Getsemane, gekom en sy vyande gekonfronteer. Judas het Hom gesoen en gesê: “Goeiemôre, Rabbi!” (Matteus 26:49). Dit was die teken wat Judas met die soldate, die tempelwagte (polisie) en amptenare van die Sanhedrin afgespreek het om Jesus te arresteer. Dit was ’n verraderlike daad, omdat Judas die heiligste dag (die paasfees), die heiligste plek (waar Jesus gebid het) en die heiligste simbool (’n soen) gekies het om sy Here te verrai! Dit was ook ’n belaglike daad, omdat Jesus navore geloop het om Hom aan sy vyande oor te gee!

(3) Die wat Hom gevange geneem het, het geen mag oor Hom gehad nie!

Hulle wat gekom het om Hom gevange te neem, het met soldate, polisie, en 'n klein skare met wapens gekom. Maar toe Jesus Hom vrywillig identifiseer en sê: "Dit is Ek!", het hulle teruggedeins en agteroor op die grond geval! Hulle het nie verwag dat Jesus Self die saak sou hanteer en na hulle toe sou kom nie! Die gesag waarmee Hy gepraat het, die stemtoon en die kyk in sy oë was dié van die Koning van alle konings en het sy vyande knikkende knieë besorg!

(4) Jesus het nie toegelaat dat één van sy dissipels saam met Hom gevange geneem word nie.

Toe hulle sê dat hulle gekom het om Hom te arresteer, het Jesus gesê: "As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan." Selfs in sy diepste uur van lyding het Jesus 'die Goeie Herder' gebly wat vir sy skape sorg. Hy wou nie dat sy dissipels saam met Hom gevange geneem en gemartel word nie, want dit sou bes moontlik vir hulle geloof te moeilik gewees het. So het Jesus nog 'n profesie vervul: dat "almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie" (Johannes 6:39; 10:28; 17:12)!

(5) Jesus was vasbeslote om sy lewe te gee vir sy skape.

Petrus, een van sy dissipels, was impulsief en het sy swaard uitgetrek en het die regteroor van die slaaf van die hoëpriester afgeslaan. Sy naam was Malgus. Jesus het Petrus dadelik gekeer en gesê: "Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?" 'Die lydensbeker drink' was 'n uitdrukking vir sy lyding en sterwe aan die kruis. Jesus was vasbeslote om sy lewe vir sy skape te gee en aan die kruis te sterwe. Die impulsiewe verdediging van Petrus met die swaard druis in teen sy besluit! Later het Jesus teenoor Pilatus gesê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). Jesus het dit baie duidelik gemaak aan die regerings van hierdie wêreld dat sy koningskap nie kom deur politieke skuiwe en militêre geweld nie. God die Vader kon wel twaalf legioene engele tot Jesus Christus se beskikking stel (Matteus 26:53)! Hy het ook alle mense gewaarsku teen die gebruik van geweld: "Almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" (Matteus 26:52)!

Jesus Christus was nie 'n slagoffer van bese mense nie. Hy is die Koning wat in volkome beheer is van alles wat op die aarde gebeur. Jesus is nie sommer vermoor nie. Hy het sy lewe vrywillig gegee as 'n losprys vir baie (vergeelyk Johannes 10:17-18)! Ek is diep getref dat Jesus Christus Homself gegee het om vir my sondes te sterwe. Ek is ook diep beïndruk deurdat Hy in volkome beheer is van alles wat daar in my lewe gebeur.

18:27

Ontdekking 2. Die verloëning van Petrus.

Petrus het homself nie goed geken nie. Die dag voor Jesus Christus gekruisig is, het hy nog gesê: "Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan" (Lukas 22:33) "Ek sal my lewe vir U aflê" (Johannes 13:37)! Maar dieselfde nag, toe Jesus gearresteer is, het Petrus vir Jesus in die steek gelaat en het hy saam met die ander dissipels weggehardloop (Markus 14:50)!

Toe die skare Jesus gebring het om deur die hoëpriester en die Sanhedrin veroordeel te word, het Petrus op 'n afstand gevolg en die voorhof van die hoëpriester binne gegaan. Drie keer het iemand hom herken as iemand wat by Jesus Christus hoort, en drie keer het Petrus ontken dat hy Jesus Christus ken! Na sy laaste verloëning het 'n haan vir 'n tweede keer gekraai en het Jesus omgedraai en reguit na Petrus gekyk. Toe het Petrus onthou wat Jesus voorspel het en na buitentoe gegaan en bitterlik gehuil (Lukas 22:61-62).

Petrus wou nie regtig vir Jesus verloën nie, maar het nie beseft dat hy ook angstige gevoelens kon kry nie. Hy het nie beseft dat hy nooit in sy eie krag die belofte sou kon hou nie. Net die belewenis van sy eie swakheid en leegheid het hom voorberei om later die mag en die teenwoordigheid van die Heilige Gees te kon ontvang.

Ek dink verseker ook aan die beloftes wat ek aan die Here gemaak het. Watter aspirasies het ek vir die Koninkryk van God? Ken ek regtig myself? Beseft ek regtig hoe swak ek wel is? Is ek bereid om dit vir Jesus Christus te vertel? Ek beseft dat ek ook vir Jesus Christus kan verloën. Daarom bid ek vir die genade en krag van die Heilige Gees, dat ek Hom nooit sal verloën nie, maar Hom te alle tye en onder alle omstandighede sal bely (vergeelyk Matteus 10:32-33).

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 18:1 – 40 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

18:12-24

Vraag 1. Hoeveel hofsittings het Jesus voor die Joodse outoriteite gehad?

Aantekeninge. Onthou dat die vier Evangelies elkeen sy eie ooggetuie verslag gee van die gebeurtenisse. Deur die ooggetuie-verslae met mekaar te vergelyk, kry ons 'n goeie beeld van die gebeurtenisse van sy hofsittings af tot by sy hemelvaart.

Na sy arrestasie deur die soldate, tempelpolisie en amptenare van die Sanhedrin, is Jesus as 'n misdadiger vasgebind. Hy wat gekom het om werklike vryheid in die wêreld te bring, is as 'n misdadiger geboei, sodat elkeen wat in Hom glo, van die boeie van sy sondes bevry mag word!

Hy het drie hofsittings deur die Jode en ook drie hofsittings deur die nie-Jode (die Romeinse outoriteite) ondergaan. Die Jode het Hom eers voor Annas gebring, daarna voor Kajafas en ten slotte voor die Sanhedrin.

(1) Die inleidende verhoor voor Annas (Johannes 18:12-14,19-24).

Die verhoor het plaasgevind toe Petrus in die voorhof van die hoëpriester Jesus verloën het (Johannes 18:15-18). Annas word wel 'die hoëpriester' genoem (Johannes 18:19), alhoewel sy skoonseun Kajafas die werklike hoëpriester was (Johannes 18:13,24). Annas en Kajafas het waarskynlik in twee flanke van dieselfde groot huis gewoon in die middel van 'n groot voorhof.

Hierdie Annas was 'n invloedryke man. Hy was hoëpriester van 6-15 n.C. Alhoewel hy afgesit is, het hy die dominante figuur gebly in die Sanhedrin wat die Joodse belange in die Romeinse Ryk behartig het. Hy het dit reggekry dat sy skoonseun, vyf van sy eie seuns en 'n kleinseun almal as hoëpriester aangestel is! Elkeen het hom (Annas) 'hoëpriester' bly noem (Lukas 3:2; Handeling 4:6). Hoewel hy nie die amptelike hoëpriester was nie, moes almal hom eers raadpleeg! Ander bronne beskryf hom as trots, verskriklik ambisieus, en ontsaglik ryk. Sy familie was berug vir hulle geldsug. Sy grootste inkomste het gekom uit die verkoop van offerdiere in die voorhof van die tempel. Dit was aan hóm te danke dat God se huis tot 'n veemark verander is (Johannes 2:14). Miskien was hy wel die één wat die komplot begin het om Jesus te vermoor. Dit was sy skoonseun, Kajafas, wat gepropageer het dat dit beter sal wees as één mens, in plaas van die volk, sou sterf (Johannes 11:49-53).

Annas het Jesus uitgevra oor sy dissipels (volgelingen) en toe oor sy onderrig. Hy was meer geïnteresseerd in die dinge wat Jesus bereik het as in die waarheid. Jesus was egter nie van plan om téén Homself te getuig nie en stel toe voor dat Annas maar met eerlike getuies na vore moes kom soos die Ou Testament vereis het. Jesus het gesê dat Hy altyd in die openbaar gepraat het en dat elkeen na sy onderrig kon luister. Dit vorm 'n sterk kontras met die geheime komplotte van die Sanhedrin! Toe Jesus geslaan is, het Jesus geëis dat Annas met getuies moes kom wat kon aantoon wat Hy verkeerd gedoen het (Johannes 18:22-23). Dit kon die Jode nie doen nie.

Die Jode kon geen inkriminerende bewys vind by hierdie voorlopige verhoor nie. Jesus Christus was dus volkome onskuldig! Nogtans het Annas Hom na Kajafas toe gestuur.

(2) Die verhoor voor Kajafas en al die owerpriesters, ouderlinge en Skrifgeleerdes.

Dié verhoor word in Matteus 26:57-68 en Markus 14:53-65 beskryf en het ook plaasgevind in die groot huis van die hoëpriester (Lukas 22:54). Al die godsdienstige leiers van die Jode het gesoek na valse bewyse teen Jesus, sodat hulle Hom sou kon doodmaak. Niemand het gedurf om anders te wees nie! Jesus het niks geantwoord op al die valse beskuldigings nie.

Hy het egter nie ontken dat Hy die verwagte Messias, die Seun van God, was nie. Hy het gesê dat mense by sy wederkoms Hom sal sien sit aan die regterhand van die Almagtige God en ook sien kom op die wolke (Matteus 26:63-64). Dan sal Jesus Christus die Regter wees van alle mense wat ooit geleef het!

Die hoëpriester Kajafas, die owerpriesters, die oudstes en die Skrifgeleerdes kon geen inkriminerende bewys teen Jesus Christus vind nie. Jesus Christus was volkome onskuldig! Nietemin het hulle Hom valslik beskuldig van godslastering, Hom in sy gesig gespoeg en Hom met vuiste geslaan! Die verhoor moes ongeveer 3 uur in die oggend geëindig het, omdat daar toe 'n haan gekraai het. Jesus is in die huis van die hoëpriester gevange gehou tot sy verhoor voor die Sanhedrin. Ondertussen het die soldate wat Hom bewaak het, met Hom gespot en Hom geslaan (Lukas 22:63-65).

(3) Die verhoor voor die offisiële Sanhedrin met die hoëpriester as voorsitter.

Dié verhoor word in Lukas 22:66-71, Matteus 27:1 en Markus 15:1 beskryf en het teen dagbreek plaasgevind (Lukas 22:66). Die Sanhedrin was die hoogste Joodse Raad en het as regering en gereghof gefunksioneer. Hulle het bymekaar gekom vir 'n spoed-vergadering om hulle besluit offisiël te bekragtig, naamlik dat Jesus Christus skuldig was en ter dood veroordeel moes word. Hulle wou alles afgehandel gehad het voordat die skare in Jerusalem besef het wat daar aangegaan het en voordat die sabbat dié aand sou begin. Hulle wou aan hulle korrupte duistere handeling die skyn van wettigheid gee.

Jesus Christus het weereens erken dat Hy die verwagte Messias was, dat Hy spoedig aan die regterhand van God die Vader sou sit en dat Hy die Seun van God was. Die uitdrukking 'Seun van God' beteken dat God die menslike natuur in Jesus Christus aangeneem het en onder die mense op die aarde kom woon het (Johannes 1:1,14). As God Hom kon openbaar in 'n brandende doringbos (Eksodus 3:2-4), dan kon Hy Hom sekerlik ook in 'n regverdige Mens (Jesus Christus) openbaar! Dit beteken dat Jesus Christus die sigbare Beeld van die onsigbare God is (Kolossense 1:15); dat

Jesus Christus die sigbare Afstraling van God se heerlike goddelike eienskappe en die presiese sigbare Afdruk van God se Selfstandigheid (Wese) is (Hebreërs 1:3).

Maar ook die amptelike Raad van die Jode kon geen inkriminerende bewys teen Jesus Christus vind nie. Jesus Christus was volkome onskuldig! Hoewel die Sanhedrin die gesag gehad het om die doodsvonnis uit te spreek, het hulle nie die gesag gehad om die doodstraf te voltrek nie! Daarom het hulle Jesus na die Romeinse goewerneur, Pilatus, gebring.

18:12-24

Vraag 2. Waarom was die verhore voor die Joodse godsdienstige outoriteite onregverdig?

Aantekeninge. Hierdie skynverhore (hofsittings) voor die Joodse godsdienstige outoriteite was nie regverdig nie. Johannes 11:49-50 sê dat die Jode lank van tevore al besluit het dat Jesus dood gemaak moes word. Die Joodse godsdienstige leiers was jaloers op Jesus en sy invloed op die Joodse volk. *Hulle* was kwaad dat Hy hulle ontmasker het en in die openbaar veroordeel het. Daarom was die regsittings voor die Jode net maar vir die skyn. *Hulle* het 'n komplot teen Jesus gesmee en gesorg dat dit uitgevoer word. *Hulle* het hulle eie soldate en amptenare gestuur om Jesus te gaan arresteer. *Hulle* het valse getuies teen Jesus gebring. *Hulle* het Jesus veroordeel, terwyl Jesus volkome onskuldig was. *Hulle* het Hom oorgelewer in die hande van die Romeinse goewerneur. *Hulle* het die skare in beroering gebring om die misdadiger Barabbas vry te laat en Jesus te laat kruisig. *Hulle* het die spot met Hom gedryf. *Hulle* het leuens versprei oor die opstanding van Jesus. *Hulle* het volgens die boek Handelingte voort gegaan om Christene te vervolg!

Hierdie jaloesie en boosheid van die Joodse godsdienstige leiers in die tyd van Jesus het die Jode nie groter sondaars gemaak as andere nie! Die nie-Joodse Romeinse outoriteit het Hom ook onregverdig veroordeel en gekruisig. En vandag is daar ander volke en godsdienste wat Jesus Christus verwerp en die Christene vervolg! Daarom sê die Bybel, “Almal het gesondig” (Romeine 3:23)! Beide Jode en nie-Jode het 'n Verlosser vir hulle sondes nodig!

Vraag 3. Hoeveel hofsittings het Jesus voor die Romeinse outoriteite gehad?

Aantekeninge. Nadat Jesus drie verhore voor die Joodse outoriteite gehad het, het Hy nóg drie verhore voor die Romeinse outoriteite. Hy is voor Pilatus, toe voor Herodus en ten slotte weer voor Pilatus gebring om verhoor te word.

(1) Die eerste verhoor voor Pilatus.

Die Romeinse Ryk het geheers oor Palestina en Pilatus was die Romeinse goewerneur in Judea. Hy was hoogmoedig (Johannes 19:10), wreed (Lukas 13:1), bygelowig (Johannes 19:8) en selfgerig, en bang dat sy reputasie by die Romeinse keiser skade berokken sal word. Hy was bang dat die Jode hulle invloed sou gebruik om hom uit sy posisie te verwyder. Gedurende die verhoor was dit duidelik dat Pilatus van die verhoor af wil loskom.

Toe Pilatus gevra het wat die beskuldigings teen Jesus was, het die Joodse outoriteite gesê dat die enigste rede dat hulle Jesus voor die gereg gesleep het, was dat Hy 'n *misdadiger* was (Johannes 18:30). Dit was 'n *bedekte dreigement* dat Pilatus nie tot 'n ander gevolgtrekking moes kom nie.

Toe Pilatus gesê het dat die Jode Jesus volgens hulle eie wette moes verhoor, het die Joodse leiers getoon dat hulle van plan was om Jesus dood te maak (Johannes 18:31). Toe Pilatus geweier het om Jesus te veroordeel sonder 'n verhoor waarop Hy reg gehad het (Lukas 23:2), het die Jode Jesus van drie sake beskuldig:

- Hy het die Joodse volk afvallig gemaak
- Hy het die Jode verbied om belasting aan Rome te betaal
- Hy het daarop aanspraak gemaak dat Hy 'n Koning is.

Hulle het Jesus dus daarvan beskuldig dat Hy 'n *gevaarlike politieke teenstander* was!

Toe Pilatus Jesus eenkant toe geneem het om verder uit te vra, het Jesus aan hom verduidelik dat Hy inderdaad 'n Koning was, maar nie 'n koning soos dit in die wêreld bekend is nie. Hy het van die hemel af gekom, nie om teen volke te veg vir politieke en militêre gewin nie. Hy het gekom om van die waarheid te getuig en die ryk van leuens omver te werp. Jesus het Pilatus vriendelik uitgenooi om oor te kom na die kant van die waarheid en gesê: “Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê” (Johannes 18:37).

Toe Pilatus weer buite na die skare toe gaan, het hy openlik verklaar dat Jesus Christus volkome onskuldig is! Hy het gesê: “Ek vind geen skuld in hom nie” (Johannes 18:38)! As Pilatus 'n eerlike regter was, dan moes hy Jesus op daardie punt vry gelaat het.

Maar die Joodse godsdienstige leiers het Jesus meteens beskuldig dat Hy die mense in Galilea en in Judea in oproer gebring het (Lukas 23:5). Hoewel Pilatus regsbevoegdheid gehad het in die hele Judea, het hy Jesus na koning Herodus gestuur omdat hy liewer wou gehad het dat iemand anders Jesus sou veroordeel. Jesus was wel van Galilea (Nasaret) afkomstig en Herodus het regsbevoegdheid in Galilea gehad.

(2) Die verhoor voor Herodus.

Dié verhoor word net in Lukas 23:6-12 beskryf. Hoewel Herodus baie vrae aan Jesus gestel het en die Joodse godsdienstige leiers Jesus met venyn beskuldig het, het Jesus geen enkele antwoord gegee nie.

Selfs Herodus kon geen rede vir 'n aanklag teen Jesus Christus vind nie. Hy het met Jesus die spot gedryf en Hom toe weer teruggestuur na Pilatus toe.

(3) Die tweede verhoor voor Pilatus.

Volgens Lukas 23:13-25 het Pilatus die Joodse godsdienstige leiers bymekaar geroep en aan hulle gesê dat hy Jesus Christus in hulle teenwoordigheid verhoor het, maar dat nog Herodus, nog hý enige rede vir 'n aanklag teen Jesus gevind het. Aan die een kant was Pilatus bang vir die aanhangers van Jesus om Jesus oor te gee om gekruisig te word. Aan die ander kant was Pilatus bang vir die Joodse godsdienstige leiers dat hulle die Joodse volk in opstand sou bring teen die Romeinse Ryk.

Volgens Matteus 27:15-26 het die skare geëis dat Pilatus, in ooreenstemming met sy gewoonte op die Paasfees, 'n gevangene sou vrylaat. Pilatus het hulle laat kies tussen Jesus en Barabbas, 'n berugte rebel en moordenaar. Hy het verwag dat die volk Jesus sou kies. Op daardie oomblik het daar 'n boodskapper gekom om hom mee te deel dat sy vrou in 'n droom baie gely het oor die regverdige Jesus. Toe het die owerpriesters en oudstes van die Jode begin om die skare op te sweep om die vrylating van Barabbas te eis en om Jesus te laat kruisig.

Pilatus het aangehou sê dat Jesus Christus onskuldig was. Maar omdat Pilatus bang was om sy posisie as goewerneur te verloor, het hy Jesus oorgegee om geysel te word en daarna gekruisig te word.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Johannes 18:1-40.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 18:1-40.

- 18:1. Jy kan soos Jesus 'n stil plek soek om te bid.
- 18:5. Jesus vertel nooit 'n leuen nie. En Hy ontken nooit sy werklike identiteit nie.
- 18:8-9. Jesus het nooit één van die mense wat God die Vader aan Hom toevertrou het, verlore laat gaan nie.
- 18:10. Christene moet nooit na wêreldse wapens, terrorisme of heilige oorloë gryp nie.
- 18:11. Christene moet eerder die lyding wat God in hulle lewe toelaat, aanvaar!
- 18:12. Christene moet nooit weerstand bied teen arrestasie nie, selfs nie eers met passiewe weerstand nie, omdat hulle geroep is om voor goewerneurs en konings oor Jesus Christus te getuig (Matteus 10:17-20).
- 18:20. Jesus het altyd openlik in die wêreld gepraat en het nooit iets in die geheim gesê nie. Hy het mense in die bekende godsdienstige plekke onderrig gegee.
- 18:21. Jesus het mense wat Hom valslik beskuldig het, uitgenooi om die skare, wat na Hom geluister het, uit te vra wat Hy hulle geleer het.
- 18:23. Jesus het vir die mense wat Hom geslaan het, gevra om bewyse te lewer van wat Hy verkeerd sou gesê het. Hy het hulle beskuldig dat hulle Hom onregverdig geslaan het, omdat Hy die waarheid gepraat het.
- 18:34. Jesus het die goewerneur uitgedaag om te sê wat hyself oor Jesus glo en nie maar net te sê wat ander mense sê nie.
- 18:36. Jesus het openlik gesê dat Hy nie Homself sou verdedig nie, omdat sy Koninkryk nie van hierdie wereld is nie!
- 18:37. Jesus het openlik gesê dat Hy die Koning van sy Koninkryk is en dat sy Koninkryk uitbrei deur die waarheid wat verkondig word.
- 18:38. Christene moet voorbereid wees dat hulle ook valslik gearresteer, verhoor en ter dood veroordeel kan word, selfs as daar geen enkele inkriminerende bewys teen hulle gevind kan word nie.
- 18:39-40. Christene moet voorbereid wees dat die mense in die wêreld liever Christene as misdadigers (bv. terroriste) sal doodmaak.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 18:1-40.

Watter groot belofte het ek in die verlede aan die Here gemaak? Watter aspirasies het ek m.b.t. die Koninkryk van God? Ken ek myself goed? Ek vra God om my genade te gee om nederig oor myself te dink, net soos Hy wil hê dat ek oor myself sal dink.

Jesus Christus is nie maar net vermoor nie. Hy het doelbewus en vrywillig self sy lewe as 'n losprys vir baie gegee. Hy is die Koning wat altyd in volle beheer bly van al die gebeure op die aarde. Glo ek dit regtig? Ek wil my wete versterk dat my lewe beheer word en my eindbestemming bepaal is deur niemand minder as die Here Jesus Christus Self nie en nié deur 'n blinde noodlot of irrasionele omstandighede nie!

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 18:1-40.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 18 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Johannes 1 - 3. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (5) Liefhê deur tug. Spreuke 13:24. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.